

| | | | | |
|--------------------|--------------------------------------|-------------------|--------------------|-------------------|
| Gen 1-11 | 11:10 Abraham | 25:19 Isak | 27:19 Jakob | 37:1 Josef |
| 4000 vC Eden | 2166 vC Haran-Kanaan | Kanaan | Kanaan | 1885vC Egipte |
| Vier groot gebeure | Vier groot here (Aartsvader verhale) | | | |

| Dag | Dag se brood | Meer heuning |
|------------|----------------------|------------------|
| Ma | Gen 12, 15:1-8 | Gen 12-15 |
| Di | Gen 17:16-18:15 | Gen 17-18 |
| Wo | Gen 22 | Gen 22-24 |
| Do | Gen 25:19-27 | Gen 25-27 |
| Vry | Gen 32 | Gen 32, 33 en 35 |
| Sat | Gen 37 | Gen 37-41 |
| Son | Gen 45:6-8, 50:15-21 | Gen 42, 45, 50 |

Memoriseervers: *In jou sal al die volke van die aarde geseën wees. (Gen 12:3)*

Na die saagtandprentjie van val en herstel in die oergeskiedenis, maak God nou 'n nuwe begin in Genesis 12 met Abraham. Tot die einde van Genesis word ons vertel van die aartsvaders en God se beloftes van 'n land en 'n nageslag aan hulle.

Genesis 12 en 15 vertel van hoe God 'n eensydige en blywende verbond met Abraham gesluit het. Hy ontvang beloftes van 'n groot nageslag en 'n land wat vir alle nasies tot seën sou wees.

Abraham se geloof in God se beloftes maak dat hy uitstaan as vader van die gelowiges.

Isak is deur God geskenk want Abraham en Sara was reeds menslik te oud om kinders te hê – niks is onmoontlik vir God nie.

Isak se offer gebeure met die plaasvervangende ram wat sy lewe red, wys heen na Christus waar Hy ook as offerdier in die plek van die sondige mensdom geoffer is.

Esau en Jakob was 'n tweeling, maar God (in Sy soewereiniteit) het reeds voor hulle geboorte gekies deur wie die verbondslyn sou loop.

Jakob staan bekend as die bedrieër, maar die verhaal wys dat God deur gewone sondige mense werk om uiteindelik Sy plan uit te voer.

Sy naam word Israel, die volk se naam.

Deur die gruwelike sonde van sy broers word Josef as slaaf verkoop. Die verhaal beklemtoon in elke fase van Josef se lewe dat God by hom was.

Uiteindelik is dit duidelik dat God Josef vooruit gestuur het om Sy verbondsvolk te red en in Egipte te vestig om daar te vermeerder.

| | | | | | |
|-----------------|--------------------|-------------------|--------------------|---------------|---------------------|
| Oergeskiedenis | Aartsvader verhale | Uittog verhale | Woestyntog verhale | Wetsgedeeltes | Inname van die land |
| Rigters tydperk | Oorgangs tydperk | 1ste konings | Wysheid en poësie | Ryk verdeel | 1ste profete |
| Noordryk val | Nog profete | Val van Jerusalem | Ballingskap | Terugkeer | Laaste profete |

God maak 'n verbond met Abraham

Die Here het vir Abram gesê:

“Trek na die land wat ek wil hê.

Jou nageslag sal Ek 'n groot nasie laat raak.

Ek sal jou 'n man van groot betekenis maak.” (Gen 12:1-3)

Here ek gaan kinderloos sterf,

'n slaaf gaan my besittings erf. (Gen 15:2,3)

Die Here het hom buitentoe laat gaan

Abraham, dit is wat jy moet verstaan:

Jou nageslag so baie soos die sterre daarbo,
dit is die belofte waarin jy moet glo. (Gen 15:5)

Abraham glo toe daardie teken

en dis hom tot geregtigheid gereken. (Gen 15:6, Rom 4:3,
1953, Heb 11:11-12)

Jy moet 'n dier middeldeer sny

vir die verbondsluiting met My. (Gen 15:10)

Hierdie land sal eendag aan jou behoort

oor vier geslagte pluk jul druiwe van 'n boord.

Die fakkel het, toe die son ondergaan,

alleen tussen die vleis deurgegaan. (Gen 15:17)

Die verbond is eensydig gesluit

en het ook sy nageslag ingesluit. (Gen 17:7)

Abram was gehoorsaam aan die Heer (Gen 12:14)

en in die beloofde land geoffer tot Sy eer. (Gen 12:8)

Hierdie verbond was net 'n skaduwee

totdat Christus daarin sou tree. (Heb 8:5)

Die verbond se wette is nou

in elkeen se hart toegevou. (Heb 8:10)

Abraham se vryspraak is ook vir jou opgeteken

sodat jy verstaan wat Jesus se opstanding beteken:

As jy ook heelhartig in God se beloftes glo,

is jy een van Sy kinders, soos sterre daarbo! (Rom 4:23-25)

Ook jy het deel aan Sy belofte vir 'n land

en beloftes van seëninge uit God se hand.

Is jy in gehoorsaamheid oppad na jou Heer?

Is jy besig om Hom elke dag met offers te eer? (Ps 105:1-8)

God wou jou ongehoorsaamheid wreek

maar deur Christus is jy vrygespreek! (Rom 5:19)

As jy Sy beloftes verstaan:

Loof die Here, roep Hom aan! (Ps 105:1)